NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 20

28 Mei 2026

*Op pad met Iwana…*

# Sien ons net die reuse, of onthou ons saam met Wie ons stap?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Verbeel jou vir 'n oomblik jy stap vir die eerste keer deur die besige strate van Johannesburg se middestad. Die stad voel groot, onbekend en amper oorweldigend. Langs jou stap 'n goeie vriend. Later deel julle jul ervaring met mekaar. Jy vertel hom van die onsekerheid wat jy gevoel het, die spanning en hoe jy klein en uit jou plek gevoel het. Maar tot jou verbasing beskryf hy dit heeltemal anders. Vir hom was die stad lewendig, vol moontlikhede en geleenthede. Twee mense kan na dieselfde werklikheid kyk, dieselfde gebeurtenis beleef en dit totaal anders beleef.**

Dit is presies die geval in Numeri 13: 26-33. Die verkenners het almal dieselfde land verken. Hulle het dieselfde mense en dieselfde uitdagings waargeneem. Tog het sommige van die manne hulself as sprinkane tussen reuse geag – klein, swak en magteloos. Maar Josua en Kaleb het daarna met geloof eerder as vrees gekyk.

Die vraag waarmee hierdie teks die aanwesiges tydens dr Hannes Janse van Rensburg se openingsboodskap gekonfronteer het, was dus*: Sien jou NWO hulself as sprinkane te midde van hul uitdagings, of funksioneer die organisasie vanuit God se belofte?* Die vergadering is uitgenooi om hul organisasies opnuut te ondersoek, maar nie vanuit 'n plek van moedeloosheid nie, maar eerder vanuit 'n geloofsperspektief. Die gesprek is gekenmerk deur hoop, roeping en God se belofte.

Verskeie niewinsgewende organisasies (NWO's) wat aan die Kerk verbonde is, het op 23 Mei byeengekom om saam te dink oor die toekoms en moontlike samewerking. Hierdie organisasies het die DPS-pleegsorghuise, Ons Tuis tehuise, TOIBO, Plesion, Khesed, Rata Maatskaplike dienste en die NHSV ingesluit.

Die missionale karakter van die liggaam van Christus het soos 'n goue draad deur die gesprekke geloop. Daar was 'n duidelike bewustheid dat barmhartigheidswerk nie net oor strukture of administrasie gaan nie, maar oor mense, roeping en die sigbaarheid van God se teenwoordigheid in 'n gebroke wêreld. Tydens die dinkskrum het diaken Andries Pretorius 'n betekenisvolle waarneming gemaak: hoewel God nie eksplisiet in die teksgedeelte van Numeri 13 genoem word nie, is sy teenwoordigheid implisiet ter sprake. Hierdie perspektief het die vergadering herinner dat die uitdagings van die organisasies nie die finale woord het nie.

Die oproep was daarom duidelik – die NWO's van die Kerk moet hulself nie as sprinkane ag nie. Hul identiteit lê nie in hul beperkinge nie, maar in God se belofte. Verskeie belangrike rigtingwysers vir toekomstige samewerking het tydens die vergadering na vore gekom.

Wat veral bemoedigend was, is die sigbare bereidwilligheid van die verskillende organisasies om hande te vat. In 'n tyd waar individualisme maklik oorheers, het hierdie byeenkoms iets van ware kerk-wees weerspieël – gelowiges en organisasies wat saam dink en droom! Die voorsitter, dr Martin Jansen van Rensburg, het dit treffend verwoord toe hy uitgelig het dat elke NWO deel vorm van dieselfde liggaam van Christus. Vanuit dié opmerking het hy die eenvoudige, maar diepgaande vraag gevra: *Hoe kan ons mekaar beter ondersteun?* Miskien lê die grootste waarde van die dag in 'n herontdekking van eenheid en gedeelde roeping opgesluit.

Uiteindelik bly die vraag waarmee ons gekonfronteer word steeds dieselfde: *Sien ons net die reuse, of onthou ons saam met Wie ons stap?*

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

## Lief en leed

- Die Kerk betuig haar simpatie met **ds Wilhelm Steyn** met die **afsterwe van sy broer, Piet,** op 26 Mei. Prof Piet Steyn, ook bekend as Wiek, was ’n jare lange lidmaat van Gemeente Meyerspark en professor aan die Universiteit van Pretoria. Hy was ’n unieke mens met ’n skerp intellek en ryke inhoud wat indringende vrae kon vra. Hy sou in Augustus 90 jaar oud geword het.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Junie. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (emeritus)
  - Donderdag 4 Junie: Ds CAA (Tiaan) Loedolff (Wolmaransstad)
  - Vrydag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus), en ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos)

## Gemeentes en bediening

- **Ds LJ (Louw) van der Linde** (beroepafwagtend) het ’n beroep na **Gemeente Kempten** (deeltyds) ontvang.

- Beskik u gemeente dalk oor **nagmaalbekers en -borde** wat nie gebruik word nie? **Gemeente Bellville** sal dit graag by u koop. Kontak asseblief vir **ds Leanie Lemmer** by 079 519 9708 of **leanielemmer@gmail.com**.

## Werkgeleenthede

- **Werkgeleentheid vir 'n kerkbeampte**

  Gemeente Pretoria wag aansoeke in vir ’n **kerkbeampte.** Die gemeente het bedieningspunte in Riviera en Wonderboom-Suid. Die kerkkantoor is in Wonderboom-Suid se kerkgebou geleë. **Posaanvaarding is 1 Julie 2026** en die werksure is van 08:00 tot 13:00 vir vier werksdae per week. Die posbekleër moet ook twee aande per maand beskikbaar wees vir vergaderings.Die pligte behels kantooradministrasie en is van ondersteundende aard.

  **Vereiste:**
  Vorige ervaring in die werking van ’n kerkkantoor sal ’n aanbeveling wees. Bewese ervaring in Microsoft-programmatuur en syfervaardigheid is noodsaaklik terwyl ondervinding met Winkerk en Sage Accounting 'n aanbeveling is. Goeie menseverhoudings is ’n vereiste en handhawing van vertroulikheid is noodsaaklik. Die posbekleër moet inpas by die etos van die gemeentes en moet oor sterk organisatoriese vermoë beskik.

  **Vergoeding:**
  Die salarispakket is onderhandelbaar en riglyne in dié verband is op aanvraag by oudl Gideon Zandberg by 082 367 5789 beskikbaar.

  **Aansoeke:**
  Voornemende aansoekers word versoek om ’n **CV en ’n toepaslike motivering voor 8 Junie** aan **celeste.richards@up.ac.za** te stuur. Onderhoude sal gedurende Junie 2026 plaasvind.

## Vergaderings

- Donderdag 4 Junie Kommissie van die AKV
- Vrydag 5 Junie Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies








- In die **2026 Herfs-uitgawe van *Vroueflitse*** fokus die NHSV op geestelike verryking en geestesgesondheid. **Marli du Plessis**, Gemeente Heidelberg, lei ons op 'n dankbaarheidsreis om die vraag te vra: ***Vir wie is jy dankbaar?*** Geestesgesondheid word toegelig deur **Ronél Bezuidenhout**, Gemeente Rustenburg-Suid, wat waarde toevoeg in ***Sussies in geloof, in bloed en in gees.*** Klik ***hier*** om meer te lees.







- Die jongste uitgawe van ***Die Saaier*** is propvol goeie nuus wat baie van die belangrike werk uitlig wat die **Bybelgenootskap** kon verrig danksy jou ruimhartige ondersteuning. Die BSA is een van 156 Bybelgenootskappe regoor die wêreld wat saam die **Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG)** vorm. Hierdie wêreldwye netwerk het in Mei vanjaar sy **80ste herdenking** gevier. Ons fokus meer op hierdie belangrike mylpaal in *Die Saaier*. Op eie bodem is ons baie opgewonde om die bekendstelling van ons nuwe ***Future Leaders*-projek** aan te kondig. Hierdie projek brei ons missie uit om **Bybels en Bybelgedeeltes aan laerskoolleerders** beskikbaar te stel. Ons doen ook verslag oor die eerste Bybels wat ons versprei het as deel van ons ***Die Woord binne die Stilte*-projek**, wat Bybels aan die **gehoorgestremde gemeenskap** in Suid-Afrika beskikbaar stel. Lees die jongste uitgawe ***hier***.




## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Lane Truscott**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## ’n Gedig

**Pinksterfees**

Vrolik en bly is die bewegings en liriek
op ritme en klank van gewyde musiek.
In feestelike stemming word God met eer bejeën
want Hy het die oes oorvloediglik geseën.

Sy reën uit die hemel gestort, deurdrenk
die aarde en lewe word aan die saad geskenk.
Die pit ontkiem en groei tot ’n koringaar
wat buig onder die oes oorvloedig swaar.

Soos tonge van vuur het sy Gees van bo
op sy dissipels gedaal sodat ander ook kan glo.
Die ou mens, klipharde hart en selfsugtig gesentreer
het gesterf en dra nou heilsaam vrug tot sy eer.

Die opbrengs van die oes het blydskap gebring
en daarom kan ons oor Pinkster jubel en sing.
Gaan triomferend na alle nasies met woord en lied
want ons kan liefde en vrede aan ons medemens bied.

**Ruben Venter**
https://ruben1202.wixsite.com/dinkgoed/geestelike-verse-civl

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Gemeente Delmas** is vanjaar 100 jaar oud en vier die geleentheid met ’n groot basaar. Kom kuier op **30 Mei** van 08:00 tot 13:00 saam by **Voetspoorfees 2026**. Daar gaan lekker kos en vermaak wees. Pretoria FM kom ons besoek. Dan is daar ou gunstelinge soos ’n koektafel, pannekoek, vetkoek, kerrie-en-rys, heerlike poeding, pap en kaiings, biltong en droëwors. Vir die kinders gaan daar lekker kindervermaak wees. **Kom kuier saam** met ’n koppie koffie of tee.

- **Ons Tuis Riviera** hou op **30 Mei** van 09:00 tot 12:00 ’n **kuierbasaar** by Parkerstraat 105, Riviera. Parkering is beskikbaar by Holokleria Gemeente langs Ons Tuis Riviera. Kom kies en keur tussen ’n verskeidenheid stalletjies en eetgoed.

- Kom neem deel aan **Gemeente Meyerton-Suid** se **potjiekoskompetisie** op **30 Mei vanaf 10:00 tot 16:00** op die kerkterrein. Inskrywings beloop R100 per span van vier persone. Die potjie sal aan hierdie fondsinsamelingprojek geskenk word. **Etekaartjies is beskikbaar teen R50 per potjie indien jy nie aan die kompetisie deelneem nie.** Jy kan gerus ook solank jou span inskryf vir die **boeresport**. Die inskrywingsfooi is R100 per span. **Kontak gerus vir ds Chantelle Maree by 064 755 0172.**

- **Gemeente Welkom se Wildsfees 2026** vind op **5 Junie** vanaf 17:00 tot 20:00 plaas. Kom smul saam aan heerlike voorgeregte soos wildspastei of wildsvleissosaties, hoofgeregte van wilds- of skaapvleis met sjokolade-brandrissiesous, kersiesous of rooiwynsous en bykosse. Natuurlik is daar nagereg op die spyskaart in die vorm van Jan Ellispoeding met vla. **Goeie kos, goeie wyn, goeie vriende – dis ’n fees!** Kostes beloop R200 per persoon en R80 vir kinders onder 12. **Kontak ds Anel Boshoff** by **antjieels8@gmail.com** vir besprekings.

- **Ons Tuis Seniortuis Dienssentrum** hou op **6 Junie** van 07:00 tot 14:00 hul **Wintermark** by Parkerstraat 105, Riviera. Toegang is gratis!

- **Gemeente Waterberg** hou op **6 Junie** ’n **basaar**. Kom kuier, koop en ondersteun die gemeente. Daar is lekker dinge vir die hele gesin. Vir meer inligting kontak 014 161 0896 of 082 758 0861.

- Kom speel gholf saam met **Gemeente Welkom**. Hul **gholfdag** vind op **11 Julie** by Brand Mashie Gholfklub plaas. Afslaantye is 08:00 vir 08:30 of 12:00 vir 12:30. Kostes beloop R250 per persoon. **Kontakpersone:** Tristan (063 903 1152), Donna (082 339 0939), ds Anel (082 299 2044) of Karin (072 555 5667).




- **Gemeente Brits** vier op **28 Mei 2027** hul **eeufees**. Vorige lidmate en ampsdraers word versoek om die gemeente asseblief by **nhkbrits+100jaar@gmail.com** te kontak. Foto's en staaltjies oor die gemeente sal ook waardeer word. Ons hoor graag van julle.

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

## SP Engelbrecht-museum





## Toerusting






## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Dankie God vir nog 'n dag,
'n geleentheid om na u wil te leef
om weer die vreugde van die lewe te voel
en die blydskap te ervaar van gawes aan ander.
Dankie vir vriende wat verstaan
en die Vrede wat vloei uit u liefdevolle hand.
Help my om wakker te word in die oggendson
met die gebed vir vandag – "u wil geskied..."
Want met u hulp, sal ek die reguit pad loop.
Dankie weer, o God, vir vandag...

Amen.

**Anoniem**
https://oesterbaai.info/gebede.html

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger